


# LAERSKOOL GILL PRIMARY

SURSUM PRORSUSQUE



## SPORT EN KULTUUR

Laerskool Gill streef daarna om elke individuele Gill-leerder in 'n gelukkige, gedissiplineerde en veilige omgewing, waar die waardigheid van die individu gehandhaaf word, op te voed om sy/haar volle potensiaal in verstandelike, liggaamlike en geestelike potensiaal te ontwikkel.

# SPORT EN KULTURELE AKTIWITEITE

1. Leerders moet deelneem aan die opvoedkundige program van die skool soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys en Beheerliggaam, behalwe waar vrystellings van sodanige aktiwiteite deur die Departement toegestaan is.
2. Wanneer leerders vrywillig by 'n buitemuurse aktiwiteit aangesluit het, moet hulle alle relatiewe verpligtinge en verantwoordelikhede, vir die hele seisoen nakom, behalwe wanneer dit deur die skoolhoof vrygestel word.
3. Leerders mag nie fasiliteite of apparate wat aan die skool behoort, insluitend sportapparate, buite skoolure gebruik sonder die toestemming van die skoolhoof nie.
4. Geen leerder mag sonder respek optree teenoor die nasionale simbole van Suid-Afrika of die gedragskode nie.
5. Elke Gill-leerder moet aan ten minste *een buitemuurse-aktiwiteit van die skool gedurende die somer* **en** *een buitemuurse-aktiwiteit van die skool gedurende die winter deelneem*.

**DIE VOLGENDE BUITEMUURSE AKTIWITEITE WORD BY LAERSKOOL GILL AANGEBIED:**

- Atletiek, Swem, Tennis, Netbal, Hokkie, Krieket, Rugby, Skaak, Landsdiens, Skyfskiet, Redenaars en Koor;
- Privaat musiek-en Lewensvaardighede drama is beskikbaar (kitaar, klavier en blokfluit);
- Ons leerders kan deelneem aan ons jaarlikse Eisteddfod (drama, musiek, poësie, sang en kuns).
- Ons bied elke tweede jaar 'n skoolkonsert aan;
- Leerders gaan op opvoedkundige uitstappies;
- Leerders neem deel aan die jaarlikse WOW-Spelfees;
- 'n Algemene kennistoets word elke kwartaal geskryf en 'n trofee word by die prysuitdeling aan die algehele wenner toegeken;
- Amptelike skoolfoto's (individuele, klas, akademies, sport, musiek en kultuur) word jaarliks geneem;
- Elke jaar, aan die begin van die vierde kwartaal, gaan die graad 7-leerders op 'n opvoedkundige **naweekuitstappie**;
- Deur die jaar woon die graad 7-monitors leierskapkampe by;
- Daar is 'n jaarlikse sporttoer vir die senior spanne aan die einde van die wintersportprogram.

**SPORT/BUITEMUURSE ORGANISEERDERS – Mev. Yolandi Reinhardt**

| SPORT | KOÖRDINEERDER |
|---|---|
| • Atletiek | Mev. Yolandi Reinhardt |
| • Swem | Mnr. Angus Argyle |
| • Tennis | Mev. Ainsley Ferreira |
| • Netbal | Mev. Ainsley Ferreira |
| • Hokkie | Mej. Karli Smith |
| • Krieket | Mnr. Ray-Jèan Wright |
| • Rugby | Mnr. Ray-Jèan Wright |
| • Skaak | Mev. Dodie de Freitas |
| • Landsdiens | Mev. Michelle Botha |
| • Skyfskiet | Mnr. LJ Nel |
| • Redenaars | Mej. Rozanne van Zyl |
| • Koor | Mev. Tania van Tonder |

*Wees asseblief betyds vir oefeninge en wedstryde*. Indien 'n kind sonder goeie rede laat opdaag, kan die onderwyser hom/haar verbied om die wedstryd te speel.

Die skool ondersteun kinders in sport tot op distriksvlak. Daarna is dit die verantwoordelikheid van ouers om hul kinders na verdere geleenthede te vergesel. Die verantwoordelike provinsiale verteenwoordiger sal verdere geleenthede reël. Die skool het kontakbesonderhede wie in hierdie verband gekontak moet word.